MEMORANDUM

AAN : ALLE TAFELDRUIF PRODUSENTE
DATUM : 25 MAART 2020
RE : NASIONALE INPERKING (“LOCKDOWN”)

Geagte SATI Lid

Die huidige seisoen staan einde se kant toe met nog sowat 3 weke se pak en uitvoer, hoofsaaklik vir die Hexrivier en die laatste druiwe van die Bergrivier streke. Dit is krities belangrik dat die totale oes suksesvol ingesamel en versprei word. Ons neem kennis van en ondersteun die President en regering se aankondiging van ’n landswye/nasionale inperking om die Covid-19 pandemie te stuit.

As bedryf is ons dankbaar dat landbou en die gepaardgaande waardeketting uitgesluit is van die inperking. Dit beteken **plase, pakhuise, ens. gaan voort met die noodsaaklike verskaffing en verspreiding van ons produk, maar streng binne opgeskerpte maatreëls**.

SATI, in samewerking met die relevante regeringsdepartemente en ’n wye reeks rolspelers soos AgriSA, Agbiz en FruitSA is daartoe verbind om die nodige reëlings en ondersteuningsdienste in plek te stel in hierdie verband.

Die Minister van Landbou het in vergaderings daarop klem gelê dat die regering baie ernstig is oor die inperking en dit gaan afdwing. Dit is beslis buitengewone tye en omstandighede wat beteken dat landbou alles in ons vermoë sal moet doen om hierdie uitsonderingstatus te handhaaf.

In hierdie verband is die volgende krities belangrik:

- Permanente en tydelike werkenemers moet elk in besit wees van ’n spesiale magtigingsbrief om aan die owerhede (polisie, weermag of verkeer) te toon. Die brief word versprei saam met die e-pos wat hierdie Memo bevat. Die brief bevat die nodige bewoording sowel as die AgriSA en SATI logos met die opsie om die plaas of besigheid se logo ook aan te bring.

- Waar werkers vervoer word moet sanitasie sigbaar wees, d.w.s. almal moet maskers dra (al is dit tuisgemaak) en handwasmiddels moet sigbaar wees. Werkers wat siek is of simptome toon

moet geïsoleer en na mediese versorging verwys word. Streng dissipline moet toegepas word in lyn met gesondheidsriglyne.

- SATI, in samewerking met ander kommoditeite en georganiseerde landbou, is in die proses om ’n noodsentrum te skep wat in kontak met die DG en Minister van Landbou sal wees. Ernstige gevalle van besigheidsontwrigting kan onder SATI se aandag gebring word om met die noodsentrum te skakel.

SATI se kantoor bly operasioneel om lede en die bedryf tot diens te wees, maar in ooreenstemming met en binne die beperkings van die nasionale/landswye inperking.

Navrae kan aan SATI via streekskantore of direk aan Clayton Swart (076 429 2376, clayton@satgi.co.za) of Willem Bestbier (083 269 0580, willem@satgi.co.za) gerig word.

Die PPECB en die Department van Landbou gaan ook voort met hul dienste.

Ons maak staat op almal se samewerking om die nasionale poging te ondersteun.

Willem Bestbier
Hoof Uitvoerende Beampte